# Hoofstuk II

## DIE EERSTE SKOLE IN HIERDIE GEWESTE 1875 - 1892

### 1. Inleiding.

Die behoefte aan onderwysgeriewe na die jare van trek en rondswerwe moes dringend gewees het.[1] Die onveiligheid, onsekerheid en betreklike armoede het die pioniers egter nie verhinder om hulle kinders 'n minimum van verstandelike ontwikkeling te laat bekom nie.Die eerste onderwys is deur die ouers en veral die moeder gegee. "Elke kind moes sy Bybel kon lees,uit sy geestelike liedere-bundel kon sing,eenvoudige korrespondensie kon voer,en ook eenvoudige syferwerk kon uitvoer."[2]

Onder die invloed van die persoonlikheid van president T.F.Burgers het daar 'n herlewing van die opvoedkundige gedagte in Transvaal plaasgevind [3],maar dit was veral die tweede helfte van hierdie tydperk wat gekenmerk is deur groot vooruitgang.Die ontdekking van goud in Transvaal het die land op ekonomiese gebied versterk en die onderwysstelsel is van die nodige geldelike ondersteuning verseker.

### 2.Kerklike sake op Bloemhof en Christiana.

Toe die eerste skool op Bloemhof geopen is,het daar 'n
gestaan[4],maar dit het tot 1881 geduur voordat 'n

---

1. O.D. 5/3 - 1889 778
2. Coetzee,Badenhorst en Jenkins : Potchefstroom 1838 -1938, 124
3. Malherbe :Education in South Africa 1652 - 1922,236
4. Bladsye 16 - 17

goeie gebou opgerig is. Hierdie gebou bestaan tans (1954) nog en word deur die Apostoliese gemeente gebruik.[1] In 1889 is die gemeente van Bloemhof, wat Christiana ingesluit het, deur ds. G.J. Malherbe bedien [2] en in 1892 was ds. W.F. Knobel daar werksaam.[3]

In Januarie 1885 het die regering erwe 441 - 444 in Christiana afgestaan aan die Ned.Herv.of Geref.gemeente van die distrik[4] en die eerste kerkgebou is hier opgerig in 1887.[5] In April 1885 het die Bloemhofse gemeente 637 lede getel [6], en die volgende jaar het die gemeente van Christiana 'n versoekskrif aan die sinode voorgelê waarin gevra is dat die gemeente van Christiana afgeskei word van die Bloemhofse gemeente.[7] Hierdie versoek is egter nie toegestaan nie en dit het tot 1898 geduur voordat Christiana 'n selfstandige gemeente geword het en sy eerste predikant, ds. K.T. van den Heever, gehad het.[8]

<u>3. Onderwys onder Burgers 1872 - 1877.</u>

Op 4 Februarie 1874 het pres. Burgers sy Konsepondeerwyswet in die Staatskoerant bekendgemaak. Hier het ons vir die eerste keer in die geskiedenis van die Transvaalse onderwys 'n wet wat breek met die tradisie van staatsonderwys beliggaam in ...reglemente en wette. Dit stel in die plek daarvan 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys....[9]

1. Meyer : Die geskiedenis van Bloemhof, 18

2. O.D. 5/1 -1889 300

3. O.D. 12/4 - 1892 273

4. Volksraadbesluit Art. 331 van 1885

5. Hoeksteen van die gebou in besit van die Christianase Laerskool.

6. Meyer : Die Geskiedenis van Bloemhof, 20

7. Ibid, 20

8. Jaarboek van die Gefedereerde Ned.Ger.Kerke 1945 : 239

9. Coetzee : Onderwys in Transvaal 1838 -1937, 40-41

Die Burgerswet het om verskillende redes nie veel invloed op die ontwikkeling van die onderwys uitgeoefen nie. Dit het tog voorsiening gemaak vir finansiële ondersteuning van die staatskole waarsonder menige skool nie kon bestaan nie.

Die eerste skool in die verre Wes-Transvaal is op Bloemhof in November 1875 in die kerkgebou deur onderwyser Ruth Gerrit de Vries geopen.[1] Dit het egter tot Maart van die volgende jaar geduur voordat De Vries in verbinding met die staatsekretaris getree het.[2] De Vries het geskrywe dat hoewel hy voldoening gegee het aan Hollands- sowel as Engelssprekendes hy nog geen vergoeding vir sy dienste as onderwyser ontvang het nie. Sy brief is vergesel van 'n versoekskrif met 26 naamtekeninge waarin ondersteuning vir die skool gevra word.[3] Die staatsekretaris het die Superintendent van Onderwys opgedra om die landdros op Bloemhof in kennis te stel dat lg. 'n wykskool-skoolkommissie moet benoem.[4] Die kommissie is toe benoem en het bestaan uit dr.B.C.Hull, W.Cox, P. de la Rey Swartz,George Siddle,John Bender en Charles Daly.[5]

Die kommissie was dit nie eens met De vries dat hy voldoening gegee het as onderwyser nie. Op 15 April is 'n vergadering van die kommissie onder voorsitterskap van die plaaslike veldkornet Crause gehou en die onderwyser is ontbied na die vergadering.De Vries is ernstig vermaan en het belowe om sy pligte getrouer na te kom.[6] Die onderwyser het die vermaning seker ter harte geneem,want in November van

1.Brief deur De Vries aan Supt. ged.25.3.1876

2. Ibid

3. O.D. 1/1 - 1876 85

4.O.D.1/1 -1876 101

5. Brief aan Supt. ged 15.4.1876

6. O.D. 1/1 - 1876 104 (a)

dieselfde jaar het die sekretaris die Superintendent meegedeel dat die ouers baie tevrede was met die werk van die onderwyser en sy vrou. Die uitslae van die eksamens wat die kommissie in September afgeneem het, was baie bevredigend gewees.[1] In Maart het De Vries bedank as onderwyser.[2]

Politieke verwikkelings het tot die anneksasie van Transvaal deur Engeland op 12 April 1877 gelei. C. Siddle het toe opgetree as sekretaris van die Bloemhofse skoolkommissie en die skool is met tussenpouses aan die gang gehou tot Oktober van daardie jaar toe die inskrywing 27 was. Die subsidie vir die derde kwartaal het £35 -6 -2 beloop.[3]

4. Onderwys onder Du Toit 1882 - 1887.

Na die Eerste Vryheidsoorlog het president S.J.P. Kruger in ds. S.J. du Toit van die Paarl die persoon gevind om die Burgerswet met 'n aanneemliker onderwyswet te vervang, en daarmee is 'n tydperk van groot vooruitgang op onderwysgebied vir Transvaal ingelui.

Die stelsel van Du Toit was in meer as een opsig die teenoorgestelde van die Burgerswet. Die belangrikste kenmerke was die volgende : die godsdienstige element is op die voorgrond gestel want die kerk sou die leidende faktor in die opvoedkundige organisasie wees; die staat hou toesig oor die onderwys om te verseker dat die bevolking Protestantse Christelike onderwys ontvang; die staat verseker geldelike ondersteuning en privete ondernemimg word aangemoedig; die subsidie is bereken teen £3 per leerling, van die grade tot st.III, en £5 per leerling in sts.IV rtot VI. Die minimum

1. O.D.1/1 - 1876 284

2. O.D.1/2 -1877 51

3. O.D. 1/2 - 1877 180

inskrywing geëis deur die Burgerswet is opgehef.[1]

Op 20 November 1882 het die skool op Bloemhof heropen.[2] Die volgende jaar is die onderwys voortgesit en op 8 Januarie het onderwyser A. van Bergen die eerste bestelling virskoolboeke wat uit die volgende moes bestaan,geplaas:[3]

12 Holst Kleine Nederlandsche Spraakleer

12 Best Grondbeginsels der Aardrykskunde

6 Wilmot

6 De Liefde

3 Bruyns

2 Bybelgids

Nog dieselfde maand sou die Superintendent die skool besoek het,maar soos hy aan Van Bergen skryf,het sy trekdiere op Schoonspruit (Klerksdorp) siek geword en was hy verplig om die reis te staak.[4] In Februarie het Van Bergen die ontvangs van die eerste boeke erken [5] en 30 April het een van die Onderwysdepartement se predikant-inspekteurs, ds. H.L. du Toit, die skool met 'n inspeksiebesoek vereer.[6]

Die rapport oor die skool se werksaamhede vang aan deur te meld dat die skool in die kerkgebou gehuisves was en dus oor genoegsame ruimte beskik het.

Inskrywing 48. Aanwesig 40.

| | |
|---|---|
| Substanderds...... | 10 |
| St. 1 ....... | 11 |
| " II ...... | 15 |
| " III ....... | 2 |

1.Malherbe : Education in South Africa 1652 - 1922,259-260

2.O.D. 2/1 - 1882 196

3. O.D.2/2 - 1883 24

4. O.D.2/2 - 1883 52 Supt.se brief op agterkant.

5. O.D. 2/2 -1883 Brief ged. 24.2.1883.

6. O.D. 2/2 -1883 236

St. IV ..... 2 [1]

Die volgende gedeelte van die rapport lui soos volg :

"Redekunstig ontleden - volzinnen verdeeld in enkelvoudige met opgave van den onderwerp en gezegde : een vry goed,een gebrekkig. Zang goed."

"Aardrykskunde van Palestina en Transvaal,sts. II,III en IV - vry goed." Bybelse Geskiedenis kon in sts.III en IV beter gewees het,maar skryf het besondere goeie vordering getoon.Sts.II en III goed goed lees in Engels,maar spel het wat te wense gelaat.

Daar was groot gebrek aan boeke en kaarte,maar as die kort bestaan van die skool in aanmerking geneem word,was daar rede om hoogs tevrede met die vordering te wees.[2]

In Julie het Van Bergen die Superintendent meegedeel dat aangesien skoolgelde en losies £3 per maand per leerling beloop het, die skool moes sluit.[3] Dit het tot November 1885 geduur voordat die skool heropen het [4],maar skaars 'n jaar later moes die inrigting se werksaamhede weer gestaak word omdat "schaapscheren,boklam,ploegen en kindersiekten" die ouers verplig om die kinders tuis te hou.[5] Kort hierna het Van Bergen die skool met tussenpouses aan die gang gehou tot 1888.[6]

Voordat die skool in November 1889 kon heropen,het die skoolkommissie voor groot moeilikhede te staan gekom:[7]hoewel die kommissie die vakante pos herhaaldelik bekendgestel het in verskillende tydskrifte en koerante, is geen aansoek

1.Hierdie getalle verwys na die getal leerlinge wat die dag aanwesig was.

2. O.D. 2/2 - 1883 236

3. O.D.2/2 - 1883 340

4. O.D.3/1 - 1885 385

5. O.D. 3/3 -1886 39

6. O.D. 4/5 -1888 190

7. O.D. 5/7--1889 267

ontvang nie ; die onderwyser moes bekwaam wees om onderrig in Hollands en Engels te gee ; tensy die kerkgebou van die Wesleyaanse gemeente verkry word,was geen ruimte beskikbaar nie ; die banke wat voorheen gebruik is,het aan mense wat in die distrik gewoon het,behoort en is verwyder. Die sekretaris het gemeen dat 'n getroude onderwyser wenslik was omdat daar geen woonhuis beskikbaar was nie. "Bloemhof is een naar klein dorpje en iedereen die kans ziet,gaat weg.Ik schryf u dit rondborstig omrede een persoon welk als onderwyzer hier benoemd zal worden,zich niet te grote illusiën zal voorstellen."[1]

Dit het nog tot November geduur voordat ene J.G.M. Richter die skool in die Wesleyaanse kerkgebou kom open het.[2]

5.Ander skole gestig 1884 - 1892.

a.In April 1884 het H.Mulder die Superintendent in kennis gestel dat die skool op Bloemhof gesluit was.Hy het 'n skool op Witgatboom geopen,maar dit is na Kafferspan oorgeplaas waar hy onderrig gee aan 10 leerlinge.[3] Hierdie skool,wat in 1886 deur H.le Feaux waargeneem is,[4] het die volgende jaar nog bestaan toe die bestuur in die hande van eerw. H.Radloff,D.P.Verwey en H.Sprinz was.[5]

b.J.A. van Niekerkhet in Maart 1888 berig dat 'n skool op Guldenskat,die plaas van J.H.Bosman,geopen is.[6] Die skool het slegs vir een kwartaal bestaan,maar sy oprigting was merkwaardig omdat die skoolkommissie die eerste was

1. O.D.5/3 - 1889 267
2. O.D.6/1-1889 247
3. O.D.2/3-1884 98
4. O.D.3/3-1886 233
5. O.D.4/1-1887 128
6. O.D.4/3-1888 216

in hierdie geweste wat huishoudelike reglemente opgestel het en 'n ooreenkoms aangegaan het met 'n onderwyser. Hierdie reglemente het nie alleen die tydperk vir die instandhouding van die skole,maar ook die skoolure en vakke sowel as die pligte van kommissie en onderwyser vasgestel.[1]

c.Onderwyser W.A.L.Schwenn het in Mei 1888 'n skool met 17 leerlinge op Nolsepan geopen, [2],maar in September is die skool verplaas na Panfontein.[3]Schwenn het vroeg in die volgende jaar berig dat die skool al gesluit was omdat die ouers nie die onderwyser se salaris kon byeenbring nie.[4]

d.Die skool op Oersonskraal is geopen op 7 Augustus 1889.[5] Een van die klousules van die reglemente het bepaal dat die onderwys in Hollands gegee moes word,maar as dit verlang word,kon daar voorsiening gemaak word vir die Engelssprekendes.Die kommissie het hom egter verbind om toe te sien dat die Hollandse taal die basis van die onderwys bly.Behalwe op die Christelike feesdae en openbare vakansiedae is geen vakansie aan die onderwyser toegestaan nie.[6] Nog dieselfde jaar het die bestuurder van die skool,ene J.J.Jacobs, die sluiting van die skool weens "dringende omstandigheden" aangemeld.[7]

e.'n Ander gedeelte van die distrik het onderwysgeriewe bekom toe onderwyser S.Steenhuisen 'n skool op Olievenfontein,die plaas van P.J.G.Snyman,geopen het.[8] Hierdie skool

1. O.D. 4/3 - 1888 216
2. O.D. 4/3 - 1888 349
3. O.D. 4/4 - 1888 238
4. O.D.5/1 - 1889 295
5. O.D. 5/3 - 1889 202
6. Ibid
7. O.D.6/1 - 1889 419
8. O.D. 5/1 -1889 119

het vir ses maande bestaan waarna Steenhuisen werksaam was op Vuurfontein,'n aangrensende plaas, vir 'n verdere half-jaar.[1]

f.A.L.C. van Bergen,seun van A.van Bergen, het in September 1889 met die skoolkommissie van Paardenfontein 'n ooreenkoms aangegaan om onderwys op hierdie plaas te gee. Die onderwyser het o.a. onderneem om grondige onderwys te gee in lees,skryf,diktee,taalkunde en styloefeninge in Hollands en Engels,met vertalings uit die een in die ander taal.As daar meer as 15 leerlinge ingeskrywe was,sou die onderwyser £69 - 6 - 0 per jaar ontvang.[2] H.J.Weeber,die plaaseienaar,het onderneem om 'n skoollokaal op te rig en dit teen 10/- per maand aan die regering af te staan.[3]

.Palmietfontein het 'n skool gekry in Augustus 1890 toe dit deur A.L.C. van Bergen geopen is.[4] Die gebou was, nie doelmatig nie,maar fondse om dit te verbeter het ont-breek.[5] Skaars was die skool aan die gang of dit moes sluit omdat die meeste ondersteuners as gevolg van die droogte getrek het.[6] Die skool het weer geopen en is waargeneem deur mev. M.C.Engelbrecht en haar man.[7] Gedurende die laaste kwartaal van 1892 was W.Bosch daar werksaam met 10 leer-linge.[8]

6.Onderwys op Christiana 1888 - 1892.

Christiana is gestig in 1871 en reeds die volgende jaar het dit die hoofdorp van die Bloemhofse distrik geword.Die

1. O.D. 6/1 - 1889 46
2. O.D. 5/3 - 1889 350
3. Ibid
4. O.D. 7/3 - 1890 45
5. O.D. 7/3 - 1890 371
6. O.D. 9/1 - 1891 458
7. O.D. 9/3 - 1891 36
8. O.D.12/4 - 1892 204

oorgrote gedeelte van die vroegste inwoners was heel waarskynlik delwers, aangesien diamantdelwery die enigste bron van inkomste kon gewees het om inwoners, al sou hulle hier tydelik kom woon het, te lok. In 1879 het 44 inwoners rekonie, spoorweg-, hoof- en padbelasting betaal.[1] Teen 1881 het die inwoners slegs 20 getel[2] en in 1889 het hierdie getal tot 62 gestyg.[3]

Landdros J.J.Uys van Christiana het in Maart 1882 die Superintendent van Onderwys daarop gewys dat 'n goewermentskool op die dorp 'n dringende vereiste geword het [4], maar 'n geruime tyd het nog verbygegaan voordat die eerste skool gestig is.

F.Ludorf, 'n plaaslike prokureur, het op 9 Mei 1882 die Superintendent in kennis gestel dat 'n skool onder leiding van mej. Mathilde König, die vorige dag geopen is. Die kommissie het bestaan uit C.Siddle, G.D.Burgers, F.Ludorf (sekretaris) en landdros D.Donovan. Daar was net 18 leerlinge maar die kommissie het 'n aanmerklike styging in die nabye toekoms verwag.[5]

Die huishoudelike reglemente het o.a. die volgende klousules bevat : die onderwyser se salaris sal voorlopig £5 per maand wees ; hy sal hom stiptelik aan artikels 2a en 2b van die Skoolwet van 1882 [6] hou ; hy sal die sing van die Psalms en die Gesange as een van sy pligte beskou ; die

1. Landdrosstukken re Grond 1864-1898, Christiana Argief.

2 &3. Staataalmanac vir daardie jare.

4. O.D. 2/1 - 1882 199a

5. O.D. 4/3 - 1888 325 en 326

6. Art. 2a en 2b van die Skoolwet van 1882 : die onderwys in die verskillende leervakke moes gegee word in Protestants-Christelike gees, en die skool moes geopen en gesluit word deur die lees van Gods Woord.

Hollandse taal sal die voertaal van die skool wees.[1]

Oor mej. Konig skryf G.D.Scholtz soos volg :[2] "(Sy) was 'n goed ontwikkelde dame.Sy het haar skoolopleiding in Bloemfontein geniet en sy was in baie opsigte 'n skrander vrou.Sy kon Frans en Duits vloeiend praat en skryf." Sy was diep godsdienstig en haar boeke wat in die biblioteek van die Universiteit van Pretoria is,getuig van 'n grondige studie wat sy van die verskillende godsdienste van die wêreld gemaak het.In 1896 was sy werksaam aan die Boksburgse skool waar sy vir C.F. (later generaal)Beyers ontmoet het.Nog dieselfde jaar het sy met genl. Beyers in die huwelik getree.[3]

Die kerkgebou van die Ned.Herv. of Geref. Gemeente wat die vorige jaar in gebruik geneem is, het die skool gehuisves.[4] Waar en wanneer die eerste skoolgebou opgerig is,kannie met sekerheid vasgestel word nie. Ludorf het die Superintendent in September 1890 in kennis gestel dat hulle ( die skoolkommissie ?) die skoolgebou laat oprig het.[4] Hierdie skool het waarskynlik op kerkgronde gestaan want eers in 1899 is erf nr.446 aan die skoolkommissie van die dorpskool toegeken.[5]

Die eerste kwartaal van 1889 sou op 14 Januarie aangevang het,maar die sekretaris berig toe dat die onderwyseres nie weer in diens geneem is nie en die Superintendent is versoek om 'n getroude onderwyser aan te stel.[6] Dit het egter tot 17 Junie van daardie jaar geduur voordat Johannes H.

1.O.D. 4/3 - 1888 326

2. Scholtz: Generaal Christiaan Frederik Beyers, 20

3. Ibid, 21

4. O.D. 4/4 - 1888 154

5. Argief Christiana : Register van Erven 1889 -1899

6. O.D. 5/1 -1889

Conradie [1] die skool heropen het.[2] Die styging in die inskrywing wat die kommissie verwag het, het nou werklikheid geword en met ingang van 1890 het D.J.J.Conradie, vader van J.H.Conradie, opgetree as hoof van die tweemanskool.[3] Die hulponderwyser het sy pos aan die einde van die jaar bedank om sy studies voort te sit.[4] D.J.J.Conradie het Christiana aan die einde van die eerste kwartaal 1892 verlaat [5] en aangesien 'n plaasvervanger nie beskikbaar was nie, het die skool gesluit gestaan totdat A.L.C. van Bergen dit met ingang van die tweede kwartaal 1893 heropen het.[6]

## 7. Samevatting.

Gedurende hierdie tydperk is skole ook op Pudimoe, Zwartlaagte, Holfontein, Rietfontein en Kareefontein geopen, maar hulle het slegs vir weke on enkele maande bestaan.

'n Oorsig van die ontwikkeling van die onderwys in hierdie gebied tussen 1875 en 1892, toon dat daar genoeg skole gestig is om die gebied van die nodige onderwysgeriewe te voorsien, indien die skole gelykertyd en vir die hele tydperk bestaan het. Al die skole toon 'n sporadiese bestaan en die oorsake moet veral gevind word in die betreklike armoede van die inwoners. Die skole kon alleenlik aan die gang gehou word waar die subsidie die onderwyser in staat gestel het om 'n bestaan te verseker. As 'n skool 25 óf meer

1. Hy het Administrateur van Kaapland geword in 1930.
2. O.D. 5/1 - 1889 378
3. O.D. 6/2 - 1890 346
4. O.D. 7/2 - 1890 110
5. O.D. 11/2 - 1892 190
6. O.D. 15/1 - 1893 127

leerlinge getel het, kon hy op sowat £15 per maand reken, maar in hierdie gebied was daar weinige skole wat hierdie inskrywing gehandhaaf het.

Georganiseerde onderwys het nog in sy beginjare gestaan. Onderwys is net as noodsaaklik beskou in soverre dit tot 'n voller godsdienstige lewe kon lei, en as die jongmens lidmaat van sy kerk geword het, is grotendeels aan hierdie vereiste as voldoen beskou. "Waren er dan een of twee nachtmalen voorby, dan verminderde het aantal leerlingen dikwels zò, dat het niet betaalde voor de meester om daar langer te blyven."[1]

Op Bloemhof was die enigste skool in hierdie gebied wat 'n inspeksiebesoek gehad het van een van die predikant-inspekteurs. Die noodsaaklike kontrole oor inskrywing en die promosie van die leerlinge was gevolglik in die hande van onderwysers en skoolkommissies.

---

1. V.O.O.Z.A. : Artikel deur J.Hagen.